



SUN PRESS


DEMOCRACY UNDER STRESS

The global crisis and beyond

Ursula van Beek • Edmund Wnuk-Lipinski (eds.)

PERSVRYSTELLING
9 Februarie 2012

NUWE BOEK ONDERSOEK IMPAK VAN WÊRELDWYE GELDKRISIS
OP DEMOKRASIE



SUN PRESS
R275-00

227 bladsye
ISBN 978-1-920338-70-1

Het die finansiële ineenstorting van 2008-2009 en die nadraai daarvan ons wêreldwye demokrasie onder druk geplaas? In die onlangs uitgereikte boek *Democracy Under Stress: The global crisis and beyond* ondersoek die Universiteit Stellenbosch (US) se prof Ursula van Beek en 'n span vakkundiges van oor die hele wêreld juis hierdie vraag.

Volgens Van Beek konsentreer die boek op “die wêreldwye geldkrisis van 2008-2009 en die gevolge daarvan wat oënskynlik die politieke en ekonomiese wêreldorde deurmekaargeskommel het”.

Democracy Under Stress is die resultaat van 'n navorsingsprojek aan die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) en kombineer bydraes deur outeurs van verskeie lande en vakgebiede om uit verskillende oogpunte te help lig werp op die redes vir – en reaksies op – die krisis. Sodoende probeer die publikasie konseptualiseer watter moontlike implikasies die krisis vir die toekoms van demokrasie inhou.

“Die boek vergelyk ontwikkelde en ontwikkelende lande sowel as demokrasieë en niedemokrasieë, met besondere klem op China se nuwe plek in die wêreldorde. Die boek is straks die omvattendste algemene beoordeling van die wêreldwye krisis tot dusver en bied selfs insiggewende vergelykings met die Groot Depressie van die 1930's,” sê Van Beek.

Democracy Under Stress staan onder gesamentlike redaksie van Van Beek en Edmund Wnuk-Lipinski, professor in Sosiologie sowel as Rektor van die Collegium Civitas in Warskou, Pole. Die boek is die eerste keer in 2011 deur Barbara Budrich Uitgewers in Duitsland uitgegee.

Die Suid-Afrikaanse uitgawe, wat deur die STIAS en die Bank van Swede Drie-Eeue-Stigting aangevoer en ondersteun is, is uitgegee deur SUN PRESS, 'n drukkersnaam van SUN MeDIA Stellenbosch (www.africansunmedia.co.za). Die boek is die derde in 'n reeks oor demokrasie deur die Transformasienavorsingsinisiatief (beter bekend as die *Transformation Research Initiative*; sien www.sun.ac.za/tri) onder leiding van Van Beek. Daarbenewens is dit die tweede titel in die toonaangewende STIAS-publikasiereeks, wat deur die hoog aangeskrewe *Humanist Imperative in South Africa* onder redaksie van prof John de Gruchy ingelui is.

Democracy Under Stress (Suid-Afrikaanse uitgawe) word op 16 Februarie om 18:00 amptelik by die Wallenberg-navorsingsentrum by STIAS bekend gestel. Die hoofspreeker by die geleentheid is prof Hans-Dieter Klingemann van die Berlynse Sentrum vir Sosialewetenskapnavorsing (WZB) en die Freie Universität in Duitsland. Prof Klingemann is 'n internasionaal gerekende sosiale wetenskaplike wat in 2011 met 'n prys vir lewenslange prestasie deur die Europese Konsortium vir Politieke Navorsing vereer is.

Indien jy die geleentheid wil bywoon, skakel gerus met me Maria Mouton by mmouton@sun.ac.za of 021 808 2963.

EINDE

stias
PUBLICATION

BESKIKBAAR BY

www.africansunmedia.co.za
www.sun-e-shop.co.za

tel: +27 (0)21 808 3942
faks: +27 (0)21 808 2626

asmbooks@sun.ac.za